# BESLUITELYS / NOTULE
## LANDBOU-ONTWIKKELINGSKOMITEE

**DATUM:** 12 FEBRUARIE 2015

**TYD:** 09:00

**PLEK:** LAFARGE ONTSPANNINGSAAL, LICHTENBURG

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| | **OPENING & VERWELKOMING**<br>Die vergadering word geopen met gebed, waarna almal teenwoordig welkom geheet word, maar in die besonder me Annelize Crosby en mnr Theo Boshoff van Agri SA, wat as sprekers by die vergadering gaan optree. | | | |
| **1.** | **PRESENSIE EN VERSKONINGS**<br>**Verskonings:**<br>Mnre E Greeve — DLRC<br>D Harman — Agri Zeerust<br>C Faure — Agri Christiana<br>H van der Vyfer — Agri Morokani | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| 2. | **ORDEREëLINGS**<br>Mnr Du Toit hou die ordereëlings aan die vergadering voor. | | | |
| 3. | **FINALISERING VAN DIE SAKELYS : AANVULLENDE SAKE – PUNT 13**<br>Geen. | | | |
| 4. | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE NOTULE**<br>**BESLUITELYS / NOTULE EN PRESENSIELYS VAN VORIGE VERGADERING: 2014-02-06**<br>Die notule word as gelese beskou en op voorstel van mnr E van Wyk en gesekondeer deur mnr N du P Muller goedgekeur. | | | |
| 5. | **SAKE VIR BESPREKING**<br>**DISTRIKGRONDKOMITEES**<br>**KENNNISNAME:**<br>➢ Daar is tans baie verwarring oor die funksionering, samestelling en magte van Distriksgrondhervormingkomitees (DLRC).<br>➢ Daar is nog nie behoorlike Riglyne beskikbaar vir die Distriksgrondhervormingskomitees nie. Agri SA onderhandel – Die opdrag aan Komitees moet deiselfde wees regoor die land.<br>➢ Oorhoofse doel is om grond te identifiseer en lede te kapasiteer met inligting.<br>➢ Verskeie konsepvoorstelle is deur die Departement Grondsake gesirkuleer in verband met DLRC. Agri SA het die Departement versoek om weergawenommers en datums op die dokumente aan te bring om verwarring uit te skakel.<br>➢ Korrespondensie gaan deur die Departement aan rolspelers gestuur word vir verteenwoordiging op hierdie Komitees. Die grond gaan deur die Staat op aanbeveling van die Streekkomitees gekoop word.<br>➢ Georganiseerde Landbou moet 'n leidende rol speel, alhoewel die besluite op Nasionale vlak geneem gaan word. Dit gaan 'n groot uitdaging wees.<br>➢ Verskeie stigtingsvergaderings is al in ons Provinsie gehou om DLRC's te stig en alle Organisasies word asseblief versoek om met Agri NW-Hoofkantoor te skakel indien hulle uitgenooi word om DLRC-vergaderings by te woon. Ons wil graag op 'n gekoördineerde wyse deur ons Provinsie by die Komitees by die proses betrokke wees. | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| (a) | ➢ Die 20% grond wat deur die Distrikgrondhervormingskomitee herverdeel word moet restitusie grondaankope insluit.<br>➢ Distriksmunisipaliteite stig Distriksgrondhervormingskomitees oorhaastig. Voor Maart 2015 was daar reeds drie Distriksgrondhervormingskomitees gestig. Distriksmunisipaliteite gaan deel wees van die Distriksgrondhervormingskomitees.<br>➢ Die Voorsitter sal deur Komiteelede verkies word.<br>➢ Die Begroting sal deur die Komitee bestuur word.<br>➢ Mentors en monitering is baie belangrik.<br>➢ Sien toe dat voorstelle en aansoeke legitiem is. Daar sal ook gekyk moet word na die effektiwiteit van die Komitee.<br>➢ Vertrouensverhouding bou met alle rolspelers.<br>**<u>BESLUIT:</u>**<br>**Produsente en Affiliasies neem kennis van die dokumentasie soos ingebind in die Aanhangsels van die Transformasie- & Boerontwikkelingskomiteedokument.** | Affiliasies en Produsente | | |
| 6. | **AGRI SA HOLISTIESE PLAN VIR GRONDHERVORMING EN WERKSAAMHEDE VAN DIE TEGNIESE TAAKSPAN**<br>**KENNISNAME:**<br>Die Nasionale Plan self gee 'n aanduiding wat as suksesfaktore beskou sal word, naamlik::<br>➢ 20% per Distrik oorgedra word;<br>➢ Volhoubare Landbou; en<br>➢ Teiken van werkskepping.<br>Die bou van vertrouensverhoudings met verskeidenheid rolspelers is ook baie belangrik.<br>**<u>Boere vra leiding oor grondhervorming</u>**<br>Agri SA kry toenemend navrae uit boeregeledere vir praktiese leiding oor beginsels, benaderings en ooreengekome metodologieë waardeur grondhervorming versnel kan word. Hierdie Organisasie se raamwerk vir grondhervorming, soos goedgekeur tydens Agri SA se Oktober 2014-Kongres, was sedertdien verder bespreek en ontwikkel, ook in samewerking met 'n Interdepartementele Taakspan wat aan Minister Nkwinti verslag doen. | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| | Hierdie raamwerk gee erkenning aan, onder andere, die belangrikheid van vennootskappe, bydraes deur toepaslike belanghebbendes, die beskerming van kollaterale waardes, volgehoue produksie en die welsyn van plaasgemeenskappe. Al hierdie aangeleenthede is buitengewoon kompleks en enige inmenging kan strukturele gevolge vir die Sektor en die nasionale ekonomie inhou, ook uit die perspektief van voedselsekerheid, werkskepping en die verligting van armoede. Dit is waarom Agri SA besondere aandag aan maatskaplike uitdagings in sy grondvoorstelle gegee het.<br>Ongeag beleidsonsekerheid rakende uitkomste wat vir die Regering aanvaarbaar sal wees, wil baie boere voortgaan met grondhervormingsinisiatiewe omdat hulle glo dat dit die regte ding is om te doen. Natuurlik wil boere hul risiko beperk en dring by Agri SA en die Regering daarop aan dat riglyne en waarborge, ook rakende die amptelike erkenning daarvan, gegee moet word.<br>Dit is lofwaardig dat boere aan grondhervormingsprojekte wil deelneem. Daarom werk ons aan ’n Idee-bank waarin suksesvolle grondhervormingsprojekte aangemeld en geanaliseer word, sodat bruikbare inligting vir wyer toepassing toeganklik gemaak kan word. Finansiering op gunstige terme en voorwaardes word ook van groot belang geag Agri SA is besig om voorstelle oor die befondsing en strukturering daarvan voor te berei.<br>Beleidsekerheid, die inhoud daarvan en die aard van ondersteuningmaatreëls is steeds aangeleenthede waaroor Agri SA met die Regering gesprek voer.<br>**<u>Grondhervorming het wyer implikasies vir die ekonomie</u>**<br>Grondhervorming was een van die hooftemas van die politieke debat in die aanloop tot die algemene verkiesing. Die potensiaal om stemme te werf deur die grondeiseproses te heropen en beloftes te maak oor versnelde grondoordrag aan voorheen benadeelde gemeenskappe, is maksimaal benut. Die vlak van populêre verwagtinge oor toegang tot grond is hierdeur verhoog en sal een van die sleutelkwessies wees wat kiesers se keuses by die stembus beïnvloed.<br>Keuses hieroor is egter nie net bepalend vir aangeleenthede soos grondbesit, landelike stabiliteit en voedselproduksie nie: dit is ook vir die breër beleggersgemeenskap aanduidend van hoe ’n toekomstige Regering met die produktiewe bates van die ekonomie wil handel in hul strewe na ekonomiese en | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| | maatskaplike geregtigheid. Die implikasies van benaderings tot grondhervorming kan daarom moeilik tot slegs grondbesit beperk word. Dit raak 'n spektrum ander rolspelers in die ekonomie direk en vestig 'n benadering tot eiendomsreg wat noodwendig wyer toepassing sal vind.<br>Dit is in dié verband wat Suid-Afrika se Grondwet-bepalings oor eiendomsreg en die praktiese uitleef daarvan met verstandige ekonomiese beleid van deurslaggewende belang vir toekomstige vooruitgang en stabiliteit is. Hieroor het Agri SA 'n ondubbelsinnige standpunt: dit is gewoon ondeurdag en roekeloos om die onteiening en oordrag van grond sonder billike vergoeding te propageer; óf om gedwonge prysgawe van grond vir die bemagtiging van plaaswerkers voor te stel. Dit strek buite die grense van redelikheid indien daar van individuele grondeienaars verwag sou word om relatief groter offers as ander rolspelers in die ekonomie in belang van nasionale uitdagings te bring, net omdat grond as eiendom ter sprake is. Die miskenning hiervan sal tot nuwe verontregting lei wat ons jong demokrasie kan skaad.<br>Landbouers, insluitend hul werkers, is 'n onlosmaaklike deel van Suid-Afrika se ekonomiese en maatskaplike landskap. Die uitdagings van bemagtiging en transformasie word deur rolspelers in die bedryf met erns benader. Daar is 'n bereidwilligheid om hande uit te reik en saam te werk met wie ook al die bedryf se volhoubare vooruitgang nastreef. Die verkiesing is 'n sleutelgebeurtenis wat kiesers moet gebruik om mandate op politieke vlak te vestig wat harmonie sal bevorder in die nastreef van 'n gedeelde visie oor 'n bestendige en vooruitstrewende Suid-Afrika.<br>**<u>Grondplafonne 'n politieke dagdroom</u>**<br>Die ANC se standpunt dat die besit van plaasgrond tot twee plase per eienaar asook 'n maksimum van 12 000 hektaar beperk moet word om grondverdeling te bespoedig, is vir die landbousektor totaal onaanvaarbaar en kan die ekonomie en verbruikers tot groot nadeel strek. Dié verklaring gister deur die Sekretaris-Generaal van die ANC, mnr Gwede Mantashe, na afloop van die party se Lekgotla, bring ook die geloofwaardigheid van die huidige raadplegingsproses tussen die Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondsake, Mnr Nkwinti, en rolspelers in die bedryf oor 'n pakket van praktiese maatreëls om van grondhervorming 'n sukses te maak, in die gedrang. | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| | In sy reaksie op dié aankondiging het mnr Johannes Möller verwys na verskeie gebeure en ooreengekome werkswyses wat betrekking het op die gronddebat en nie met hierdie beleidsuitspraak versoenbaar is nie:<br>• Die Nasionale Ontwikkelingsplan maak geen voorsiening vir die beperking op grondbesit deur regspersone ten einde grond beskikbaar te maak vir herverdeling nie. Dié plan het wel ŉ voorstel om herverdeling per distrik te bevorder wat die afgelope jaar intensief in Landbougeledere gedebatteer is en op ŉ proefbasis toepassing vind. Verskeie ander modelle word ook reeds toegepas wat aan die vereistes van ekonomiese volhoubaarheid en standhoudende bemagtiging voldoen.<br>In die NAREG-konsultasieproses, wat op die Groenskrif oor Grondhervorming gevolg het, het die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming ŉ onafhanklike studie gelas na die lewensvatbaarheid en implikasies van grondplafonne. Dié studie het aangetoon dat so ŉ maatreël indruis teen markkragte en boere die geleentheid sal ontneem om skaalgrootte-voordele te benut wat op sy beurt noodsaaklik is om winsgewend te bly en voedsel so goedkoop moontlik te produseer. ŉ Beperking op plaasgroottes en verdere direkte ingrepe op eienaarskap sal waarskynlik lei tot deurlopende hoër vlakke van beskerming en ondersteuning aan die Landbou, swakker uitvoerprestasie, groter afhanklikheid van invoere en duurder voedsel.<br>• Agri SA se voorstel, soos goedgekeur tydens sy 2014-Kongres, was dat boere wat reeds skaalvoordele geniet en ŉ groot bydrae tot voedselproduksie lewer, hul grondbesit slegs moet kan uitbrei indien dit toereikende deelname van ŉ bemagtingsvennoot insluit. Dié voorstel berus op die toepassing van omsetnorme, eerder as dié van fisiese plaasgroottes en is tans die onderwerp van verdere evaluering en bespreking.<br>• Dis bykans onmoontlik om die ekonomiese waarde en produksie van ŉ plaas slegs aan sy fisiese grootte te koppel. Geografie, klimaat, die intensiwiteit van die boerderystelsel, infrastruktuur, afstande van verskaffers of markte is van die faktore wat hierop inspeel. In praktyk kan daar plase van 50 hektaar wees wat baie groter en meer stabiele besighede is | | | |

| ITEM | | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| | As ‘n ekstensiewe veeplaas van 20 000 hektaar. Beperkings op plaas-groottes sal dus ŉ naïewe teruggryp na ŉ benadering van sentrale beplanning wees wat ŉ komplekse bedryf soos die Landbou sal muilband.<br>• Mnr Mantashe het in sy verklaring toegegee dat die grondwetlikheid van dié ANC-voorstel nog uitgeklaar moet word. Dit is ŉ vraag wat eerder vroeër as later beantwoord moet word omdat ŉ afkeuring daarvan onnodige verdere spekulasie daaromtrent sal uitskakel.<br>• Minister Nkwinti het by verskeie geleenthede rolspelers in die bedryf uitgenooi om voor einde Februarie 2015 voorstelle in te dien waarmee volhoubare grondhervorming versnel kan word. Agri SA het reeds laas-jaar intensief hieraan aandag gegee en sy Kongresbesluite daaromtrent in Oktober 2014 is deur Minister Nkwinti verwelkom. Agri SA konsulteer ook hieromtrent met ander Landbou-Organisasies binne die *Agricultural Sector Unity Forum* (ASUF) wat saamwerk om ŉ gesamentlike standpunt binne die gestelde tydsraamwerk aan die minister te voorsien. Agri SA dra ook hierdie insette in by die Interdepartementele Taakspan wat minister Nkwinti daargestel het om die Kabinet oor aspekte rakende die implementering van die Nasionale Ontwikkelingsplan te adviseer.<br>**<u>Agri SA betrokke by die ontwikkeling van nuwe toetreders tot die Landbousektor</u>**<br>Grondhervorming is ŉ prioriteit wat die Landbousektor se volle ondersteuning het. Die sukses van grondhervorming moet egter gemeet word aan die mate waartoe nuwe toetreders ŉ positiewe bydrae lewer tot voedselsekerheid, werkskepping en landelike-ontwikkeling. Daarom is die plig van alle rol-spelers in Landbou om te verseker dat nuwe toetreders tot die Sektor bemagtig is met die regte kennis en vaardighede om ŉ sukses van hulle boerdery-ondernemings te maak.<br>In die lig hiervan het Agri SA se Arbeid- en Maatskaplike Beleidskomitee, met die finansiële hulp van AgriSETA en met die kundigheid van die Universiteit van Pretoria, ŉ Opleidingprogram ontwikkel wat fokus op die bemagtiging van entrepreneurs in en nuwe toetreders tot die Landbousektor.<br>Die eerste opleidingsprogram het in 2014 plaasgevind met 20 deelnemers van verskeie Provinsies en Bedryfsvertakkinge wat ŉ Opleidingsprogram deurloop | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| | het in onder andere beginsels van Landbou-ondernemingsbestuur, produksie- en operasionele bestuur, besigheidsplanne en risiko- en hulpbronbestuur. Tydens 'n sertifikaat-oorhandigingsgeleentheid is daar erkenning gegee aan die eerste groep deelnemers wat suksesvol die Opleidingsprogram deurloop het.<br>Dit blyk dat hierdie Opleidingsprogram 'n stap in die regte rigting is en dat die Landbousektor nog die vrugte van hierdie inisiatief sal pluk. Mnr Ackermann het gesê hy hoop dat met die finansiële ondersteuning van AgriSETA, meer van hierdie Opleidingsprogramme aangebied kan word".<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | | |
| **(a)** | **Grondherverdeling is daagliks in die nuus en die hoeveelheid disinfomasie wat ons as boere en grondeienaars aan blootgestel word, is kommerwekkend. Dit dra by tot die emosie van die saak. Ons moet daarteen waak om halfwaarhede te versprei en daardeur ons saak te versleg of medeboere negatief te beïnvloed.** | Affiliasies en Produsente | | |
| **(b)** | **Produsente word versoek om perspektief te behou en nie mislei te word deur die beïnvloeding van Politieke Groeperinge of ander Organisasies ten opsigte van verwikkelinge rondom Grondhervorming en ander Wetgewing of voorgestelde Wetgewing nie;** | Produsente | | |
| **(c)** | **Agri SA is besig om 'n Idee-bank van suksesvolle herverdelings- en boerontwikkelingsplanne saam te stel. Alle lede en Landbou-organisasies met suksesvolle modelle wat reeds werk, word versoek om dit aan Agri NW te stuur vir insluiting in die Idee bank.** | Affiliasies en Produsente | Spoedig moontlik | |
| **(d)** | **Produsente en Affiliasies neem kennis van die dokumentasie soos ingebind in die Aanhangsels van die Transformasie- & Boerontwikkelingskomiteedokument, naamlik:**<br>➢ **Agri SA Holistiese Plan vir Grondhervorming; en**<br>➢ **Tegniese Taakspan-Voorlegging.** | | | |
| **7.** | **STIGTING VAN PLAASLIKE GROND- /ONTWIKKELINGSFORUMS**<br>➢ Vertrouensverhoudings opbou tussen Distriksmunisipaliteite en Munisipale- en Plaaslike Landbouverenigings.<br>➢ Die Plaaslike Grondforum/Ontwikkelingsforum gaan deel wees van die DLRC. | Affiliasies | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| <br>(a) | **<u>BESLUITE:</u>**<br>**Die volgende persone word aangewys om op die Komitee te dien:**<br><br>➢ **Bojanala** — **Persoon nie aangewys nie**<br>➢ **Dr Ruth Mompati** — **Chris Faure**<br>➢ **Naka Modiri (Central)** — **Dave Harman sal genader word**<br>➢ **Kenneth Kaunda** — **Deon Oosthuizen** | <br>Affiliasies | <br>Spoedig moontlik | |
| 8. | **HERSTEL VAN GRONDREGTE (RESTITUSIE)**<br>**<u>KENNISNAME:</u>**<br>➢ Die *Commission on Restitution of Land Rights* het 'n "Handleiding vir Landsburgers) opgestel oor: Hoe om 'n grondeis in te stel, soos vervat n die Aanhangsels.<br>➢ Restitusie-eise kan tot 2019 ingedien word.<br>➢ Agri SA stel voor dat alle grond wat vrywillig vir herverdeling of ontwikkelingsprojekte aangewend word vrygestel moet word van resti-tusie.<br>➢ Die 20% grond wat deur die Distrikgrondkomitee herverdeel word moet restitusie grondaankope insluit.<br>➢ 'n Versoek is gerig aan die Departement om deurgaans toegang te verkry tot die register van grondeise wat ingedien is.<br>➢ AgriSETA-fondse en strukture moet gebruik word vir opleiding van begunstigdes van restitusie-eise.<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | | |
| (a) | **Die Handleiding vir Landsburgers oor Hoe om 'n grondeis in te stel van die *Commission on Restitution of Land Rights*, moet aan die Affiliasies beskikbaar gestel word, sodat hulle dit aan hulle lede kan deurgee.** | Hoofkantoor | | Afgehandel. |
| (b) | **Produsente wat hulle grond wil verkoop hetsy as gevolg van Restitusie of Landelike-Ontwikkeling moet met Agri NW-Hoofkantoor kommunikeer, alvorens hul kontrakte teken. Die Departement se begroting is uitgeput en produsente kan baie lank wag alvorens hul die koopsom kry.** | Affiliasies en Produsente | | |
| (c) | **Lede word dringend versoek om enige eise wat aan hul gerig word deur te gee aan Hoofkantoor, sodat dringende aandag daaraan geskenk kan word.** | Affiliasies en Proddusente | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| 9. | **AGRI NW-GRONDOUDIT**<br>**<u>KENNISNAME:</u>**<br>➢ Affiliasies neem kennis van *Quartex*-Statusverslae soos op 2014-11-03 en 2015-01-13, wat ingebind is in die Aanhangsels.<br>➢ ŉ Samewerkingsooreenkoms is met die Landboumaatskappye in die Noordwes Provinsie, naamlik: NWK MGK, Senwes en Suidwes gesluit, waar die Landboumaatskappye administratief ondersteunend aan Affiliasies gaan optree om die Grondoudit so spoedig moontlik af te handel.<br>➢ **<u>Let Wel:</u>** Alle kolletjies op die kaart moet groen wees!<br>**<u>BESLUITE:</u>** | | | |
| (a) | **Die Grondoudit-dokument in verband met die Verandering van Eienaars, wat vanaf Quartex ontvang is, moet aan die Affiliasies gestuur word.** | Affiliasies Hoofkantoor | Spoedig moontlik | |
| (b) | **Affiliasies word versoek om hul opdaterings gereeld te doen en die afhandeling van die Grondouditproses te bespoedig - alle veranderings opgedateer word en opnames van tans ongeouditeerde gebiede gedoen word.** | Affiliasies | Deurlopend | |
| (c) | **Die enigste manier hoe ons die gebreke in die *Land Audit Report* kan uitwys, is om ons eie Grondoudit in die Noordwes Provinsie so spoedig moontlik af te handel.** | Affiliasies | Spoedig moontlik | |
| 10. | **AGRI SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING (SEB)**<br>**<u>KENNISNAME:</u>**<br>➢ Die nuwe gewysigde Kodes vir Goeie Praktyk (generiese kodes) is in Oktober 2013 uitgevaardig, wat impliseer dat alle kodes moet ooreenstem met die nuwe generiese kodes. Die gewysigde generiese kodes het slegs vyf elemente in plaas van sewe, soos in die AgriSEB-Sektorkode. Die gewysigde kodes het hoër maatstawwe as die voriges, met dié vir kwalifiserende klein ondernemings (QSE's) wat begin by ŉ jaarlikse omset van R10 Miljoen.<br>➢ AgriBEE-Kodes gaan binnekort in die Gazette gepubliseer word.<br>➢ Agri SA wag vir die dokument om daarop kommentaar te lewer en aan die publieke deelnameproses deel te neem. | | | |

| ITEM | BESPREKINGSPUNTE / BESLUITE | UITVOERING | TEIKEN-DATUM | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|---|
| 11. | **AGRI NW-TRANSFORMASIEKOMITEE & BOERONTWIKKELING: 2014-KONGRESBESLUITE**<br>Affiliasies NEEM KENNIS van die 2014-Kongresbesluite, soos vervat in die Kongresverslag wat ingebind is in die Aanhangsels. | | | |
| 12. | **AGRI NW-TRANSFORMASIEKOMITEE & BOERONTWIKKELING: DOELWITTE VIR 2015**<br>Die Voorsitter meld dat daar twee konkrete Doelwitte vir 2015 geëvalueer is, naamlik:<br>➢ Skakeling op Plaaslike vlak en die stigting van Plaaslike Grondforums en die deelname aan Distriksgrondhervormingskomitees; en<br>➢ werwing en inskakeling van ten minste twee opkomende swart kommersiële produsente by Plaaslike Landbouverenigings. | | | |
| 13. | **AANVULLENDE SAKE**<br>Geen. | | | |
| 14. | **REORGANISASIE**<br>Mnr Erick van Wyk word verkies as Vise-Voorsitter. | | | |
| 15. | **DATUM VAN VOLGENDE VERGADERING**<br>Sal volgens behoefte bepaal word en deurgegee word. | | | |
| 16. | **BEDANKINGS**<br>Almal teenwoordig word bedank vir hul teenwoordigheid, insette en samewerking. | | | |
| 17. | **AFSLUITING EN VERDAGING**<br>Almal word 'n voorspoedige terugreis toegewens. Die vergadering verdaag om 13:25. | | | |

………………………………………………………… ……………………………………… …………………………………………………………

**VOORSITTER** **DATUM** **SEKRETARIS**